

104 FM
dagstukkies
met Henry

Daaglik by www.tygerberg104fm.co.za/blog



24 APRIL 2019

Spreuke 4:24: #Waaksaamheid

“Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorsprong van die lewe.”

Ek het geleer dat God verantwoordelik is vir al die beloftes, maar dat ons verantwoordelik is om gehoorsaam te bly aan die Here. Dit is hier waar ons dan al hierdie uitdagings beleef, want ons moet ons eie denke vernuwe (Romeine 12:2) en ons kan eerlik wees dit is nie altyd so maklik soos wat ons dink nie, of is dit? Daaglik beleef ons teleurstellings as gevolg van ‘n verwagting wat nie ontmoet is nie, of mense wat nie ander in ag neem nie, ens. Maar ons is verantwoordelik vir ons eie gesindheid en vir dit wat ons toelaat in ons harte. Een van die maniere wat satan gebruik om ons te ontspoor is vrees, skande en verwerping. Wanneer iets deur die dag gebeur wat een van daardie emosie in ons lewens aktiveer, kom satan met ‘n leuen om ons te oortuig dat God nie lief is, nie tevrede is, of nie daar is vir ons nie.

Satan gebruik eksterne dinge om emosies uit te lok wat jou laat twyfel in God se karakter, liefde en wil vir jou lewe. Israel het al God se wonders gesien, tog het hulle altyd getwyfel oor hoe God oor hulle voel. Daar kom ‘n tyd wanneer jy net moet glo dat God jou, as sondaar, so lief gehad het, en steeds het as kind van God. Paulus is so bewus van alles wat deur sy gedagtes gaan dat hy alles gevange neem wat nie uit God se hart gebore is vir hom nie, of alles wat teen die natuur van God se karakter is. Satan gaan vir jou lieg en bedrieg en elke negatiewe ervaring gebruik om jou te oortuig dat God nie vir jou is nie. Waak teen alles wat jy weet nie God se karakter, liefde en wil vir jou lewe openbaar of bevestig nie.

Sê bietjie prys die Here!

